# Die Salve Regina

## Wees Gegroet Heilige Koningin

Word tradisioneel gedurende die Gewone Jaartyd gebid

*V/* Wees gegroet Koningin, Moeder van barmhartigheid;

*R/* ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet!

Tot u roep ons,
verbanne kinders van Eva,
tot u smeek ons
wat sug en ween in hierdie tranedal.

Rig dan, o Voorspreekster,
op ons u barmhartige oë
en toon aan ons na hierdie ballingskap,
Jesus, die geseënde Vrug van u skoot.
O genadige,
o liefdevolle,
o beminde Maagd Maria.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks | Teks in hakkies [ ] mag weggelaat word